

# DIE DAGBOEK VAN MBU MALONI



## Nes Anne Frank van ouds het dié tiener oor sy talle ontberings geskryf – met dié verskil: Hy het oorleef

**M**ENSE wat op straat verbystap, wonder seker watter groot letterkundige gees vanaand hier in die boekwinkel in Kalkbaai ver wag word. Negentig minute voor die tyd het mense al begin saamdrom. Nou is daar nie meer plek vir 'n muis nie.

Maar dit lyk na 'n doodgewone jong man van Masiphumelele, 'n township naby Kommetjie in die Kaapse Skiereiland, wat eenkant groottoog staan en die mense groet hier by die bekendstelling van sy outobiografie, *Nobody Will Ever Kill Me*.

“Is hulle almal hier vir my?” fluister-vra die 18-jarige Mbu Maloni. Dr. Lutz van Dijk, 'n Duits-Nederlandse skrywer wat hom bygestaan het met die

skryf van sy debuutboek, klop hom ondersteunend op die skouer.

“Vra hom al die vrae oor die boek,” sê Lutz elke keer vir die nuuskieriges, “dis sy storie.”

En watter storie is dit nie. In 100 bladsye vertel Mbu van sy stryd om blote oorlewing: van hoe sy alkoholis-ma hom uit die huis gegooi het, die dood van sy geliefde broer, die skokbeskuldiging van sy ouma op Graaff-Reinet dat hy 'n vreeslike misdadad gepleeg het, sy tyd in aanhouding as verhoorafwag-tende, die moord op sy vriend.

Dis 'n verhaal van ontbering, maar ook van hoop. Want eindelijk beland die verstoteling by Hokisa (Homes for Kids in South Africa) se kindershuis in Masiphumelele. Dis hier waar Lutz, as 'n medestigter, die seun

gehelp het om die stukke van sy lewe op te tel en later daaroor te skryf.

Dit herinner 'n mens aan die Dagboek van Anne Frank, sê die afgetrede sielkundeprofessor Andy Dawes, wat vanaand aan die woord is. Toe sy vertel het hoe sy en haar gesin vir die Nazi's moes wegkruip, was sy, soos Mbu, 'n tiener wat oor haar lewe geskryf het.

In sy bedanking agterin die outobiografie verduidelik Mbu waarom hy sy verhaal wou skryf: “Omdat ek hoop ander kinders in moeilike situasies kan leer uit my lewe: om nooit moed op te gee nie . . . om aan te hou droom oor 'n beter toekoms. Om nie te wag vir ander mense om dinge vir jou te doen nie. Om te werk. Om die beste mens moontlik te wees.”

IN SY kamer in die kindershuis, waar hy nou nog woon, sit Mbu saam met twee klasmaats en studeer. Hulle skryf môre 'n geskiedenisstoets oor die Russiese Revolusie en apartheid. Dis kort voor hul gr. 11-eindeksamen. In die sitkamer is 'n plakkaat met die voorblad van Mbu se boek. Langsaan is die plakkaat van die 2010-fliek *Themba*, gegrond op een van Lutz se boeke, oor 'n seun met MIV se droom om vir Bafana Bafana uit te draf.

Sou *Nobody Will Ever Kill Me* dalk ook eendag 'n fliek word? “Ek hoop so!” sê Mbu en vertel opgewonde dat Rapulana Seiphemo, wat destyds Tau Mogale in *Generations* gespeel het, hom moet vertolk. “Hy was ook in die fliek *White Wedding*,” sê hy.

Mbu is in 1993 in Masizakhe op Graaff-Reinet gebore. Sy naam is 'n verkorting van Mbuyiseli, Xhosa vir “die een wat iets terugbring”.